

**Vrydag 25 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 137**

**Fokusgedeelte: Psalm 137:4**

**Hoe kan ons die lied vir die Here sing in 'n vreemde land?**

Die wêreld van die gelowige word al vreemder, nie waar nie? Namate ons voortsnel na die einde in ons vreemdeling- en bywonerskap (1 Pet. 1:17), raak dit al duideliker.

So was dit ook met oud-Israel. Juda is weggevoer van Jerusalem af na Babel, 1000 kilometer van hulle tuisland, Israel, af. Die jaar was 561 vC. In die vreemde land, Babilonië, kom die ballinge bymekaar en dan word daar met tranes gekyk na Jerusalem. Dit was skynbaar naby riviere (Tigris of Eufraat). Hier het die volk by die byeenkomste geween en geweeklaag weens die straf op hulle sonde. Hulle is eensaam en alleen te midde van die slegte geselskap van die vreemdelinge in die vreemde land en, in plaas van lofliedere, is hulle stemme stil. Hulle tonge kleef aan hulle verhemelte. Hulle word stil.

Dis wat smart doen. Jy swyg, want die Here het dit toegelaat. Edom (afstammeling van Isak), uit die geslag van Esau, het die Babiloniërs destyds aangehits: "Breek alles tot op die grond. Laat net die fundamente staan." Dis wat hulle onthou.

Ons is vreemdelinge in 'n vreemde wêreld. Onthou, die wêreld is ons woning nie. Kyk op in jou alleenheid en smart en sien 'n geopende hemel met die Vader en Jesus Christus langs Hom (Hand. 7:55, 56). Laat die Gees u genade gee om nie vas te kyk in ons eie ballingskap nie. Hef dan 'n danklied aan. Loof Hom, prys Hom. Kyk weg van jouself en kyk op na die Here.

*Sing: Psalm 137-1:4*

*Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)*